Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

NASIONALE

STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL TWEE

GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL SEPTEMBER 2009

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye

INSTRUKSIES / OPDRAGTE EN INLIGTING:

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees dan daarna hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A: Roman	(35 punte)
AFDELING B: Drama	(35 punte)
AFDELING C: Kortverhale	(35 punte)
AFDELING D: Gedigte	(35 punte)

4. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

5. Beantwoord TWEE vrae. EEN vraag uit ENIGE TWEE afdelings (by Afdeling D moet jy egter twee vrae beantwoord).
Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

6. Nommer die antwoorde presies soos op die vraestel.

7. Beantwoord elke vraag op ’n NUWE bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

INHOUDSOPGAWE

Doen TWEE vrae van 35 punte elk.
Doen EEN vraag oor elkeen van die TWEE genres wat julle in die klas gedoen het.

AFDELING A: ROMAN **Beantwoord ENIGE EEN vraag:**		
VRAAGNOMMER	**VRAAG**	**PUNTE**
1. Kringe in ‘n Bos	Opstelvraag	35
	OF	
2. Kringe in ‘n Bos	Konteksvraag	35
3. Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	Opstelvraag	35
	OF	
4. Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	Konteksvraag	35
5. Meeulanders	Opstelvraag	35
	OF	
6. Meeulanders	Konteksvraag	35
AFDELING B: DRAMA **OF** **Beantwoord EEN vraag**		
7. Poppie, die drama	Opstelvraag	35
	OF	
8. Poppie, die drama	Konteksvraag	35
9. Paljas	Opstelvraag	35
	OF	
10. Paljas	Konteksvraag	35
AFDELING C: KORTVERHALE **OF** **Beantwoord ENIGE EEN vraag.**		
11. Mutsuku	Opstelvraag	35
	OF	
12. Die engelman	Konteksvraag	35
AFDELING D: GEDIGTE **OF** **Beantwoord ENIGE TWEE vrae**		
13. Vrou langs die pad	Konteksvraag	17½
	OF	
14. Melkkantien	Konteksvraag	17½
	OF	
15. Talle tonge	Konteksvraag	17½
	OF	
16. My siel, Pa	Konteksvraag	17½

KONTROLELYS

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD	MERK ✓
A: Roman (Opstel- OF konteksvraag)	1 - 6	1	
B: Drama (Opstel- OF konteksvraag)	7 - 10	1	
C: Kortverhale (Opstel- OF konteksvraag)	11 - 12	1	
D: Gedigte (Opstel- OF konteksvraag)	13 - 16	2	

AFDELING A: ROMAN
BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

KRINGE IN 'N BOS – *DALENE MATTHEE*

"Oupoot. Droom-olifant van kindertyd. Oupoot. Die mees gevreesde een. Dier-broer, in Maska se taal. Boskoning. En hy, Saul Barnard, raak aan hom. Die onaanraakbare het tasbaar geword." (bl. 305)

Skryf 'n opstel van 250-300 woorde waarin jy die band tussen Saul en Oupoot beskryf. Gee aandag aan die volgende:

- Die ontmoetings tussen Saul en Oupoot.
- Die spesiale verhouding tussen Saul en Oupoot.
- Die ooreenkomste of parallelle tussen Saul en Oupoot.

/35/

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

KRINGE IN 'N BOS – *DALENE MATTHEE*

Lees die volgende uittreksel goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Jozef het ook by die vuur kom hurk. "Ons moet maak soos oom Freek en oom Gert-hulle," sê hy. "Ons moet grootvoete skiet. Gesina sê haar pa sê MacDonald betaal sikspens 'n pond vir die tande. Jy moet hulle net goed onder die hout wegsteek en nie aflaai waar die ander waens aflaai nie. Harison hou glo almal dop"

"Ons moet 'n plan maak vir koeëls en vir kruit, " sê sy pa moedeloos.

"Met ander woorde," het dit in Saul gebreek, "die grootvoete moet betaal vir wat die houtkopers van die houtkappers steel? Skiet hulle, kap hul tande uit en smokkel dit onder die hout na MacDonald toe vir 'n sikspens 'n pond. Wie weeg? Wie lees die skaal? Dit, Jozef klink vir my maar net na nog 'n gestelery!"

"En jy keer natuurlik net vir die blessitse grootvoete!" het Jozef duiwel gevat.
"Dit lyk my hulle het jou nog nie genoeg laat hol nie! Jy wil eers getrap wees voordat jy sal hoor!"

"Hulle was eerste in die Bos," het hy in sy magteloosheid die eerste ding wat in sy kop gekom het, gegryp. "Hulle het nêrens anders om heen te gaan nie!"

"Jy is net so blind soos al die ander! Wat dink jy gaan julle onder die hout wegsteek as die grootvoete uitgeskiet is?"

Jozef het stadig opgestaan. "Jy sal vir hulle staan en keer, maar nie vir ons nie, nê? Vir elke boom wat ons afkap, wil jy begrafnisklok lui. Alles wat Harison sê, trek na jou harsings toe en dan kom staan jy by ons daaroor en sanik! Hoekom loop word jy nie een van Harison se onnosel spaaiers nie? Dan kan jy mos lekker loop gorrel oor waar ons kap as ons konsuis nie mag kap nie! Sê sommer waar ons wippe ook lê!"

"Jy's dom Jozef!" Dit het gevoel of hy skielik op die rand van 'n afgrond staan en blindelings gaan spring. "Jy sal jou enigiets laat aanlap en saam met al die ander 'n pad loop wat nêrens heen gaan nie, en jy sal dit nie eers agterkom nie! Maar ek sê nou vir julle, ék loop nie langer 'n pad wat nêrens uitkom nie."…….

"Ons moet uitkom uit die Bos, Pa!" sê Saul dringend. "Ons gaan saam met alles tot niet. Kyk hoe lyk ons!"
"As die Bos nie meer goed genoeg vir jou is nie, kan jy môre as ons by die huis kom jou bondel vat en jou eie byl gaat swaai waar jy wil."
"Jaag Pa my weg?"
"As jy dit so wil sien, is dit reg. Ek wil nie 'n man in my span hê wat heeldag en aldag geslyp moet word en stoets bly nie. As 'n byl nie wil kap en hy wil hom ook nie lat slyp nie, moet jy jom eenkant sit."

Agter Jozef, in die gloed van die vuur, het oom Anneries skielik gestaan soos een wat die aarde nie lekker raaktrap nie. Onder sy een arm was die bottel Cape Smoke egter stewig vasgeklem.

(bl. 97-100)

2.1 Wat is die verwantskap tussen Saul en Jozef? (1)

2.2 Wie is MacDonald (reël 3)? (1)

2.3 Wie is die grootvoete na wie hulle verwys (reël 2)? (1)

2.4 Verwys na reël 6:
2.4.1 Wat wil hulle met die koeëls en kruit doen? (1)
2.4.2 Hulle het 'n geweer. Hoe het hulle die geweer gekry? (2)
2.4.3 Saul sou jare later weer hierdie geweer by Maska kry. Waarvoor wou hy dit gebruik? (1)
2.4.4 Hoekom wou Saul bogenoemde daad self verrig? (2)

2.5 Wie is Harison en hoekom hou hy die mense dop (reël 5)? (2)

2.6 Verwys na reël 10:
2.6.1 Verduidelik hoe die "gestelery" tot 'n skewe-sirkel lei. (Noem 5 feite) (5)

2.7 Verwys na reël 19:
2.7.1 Noem een geleentheid wanneer Saul vir 'n boom baklei het. (1)
2.7.2 Watter brandmerk is daarna aan hom gegee? (1)

2.8. Verwys na reël 23:
2.8.1 Saul het ook vir een van hierdie diertjies 'n wip gestel en toe sy kop oopgekap. Watter invloed sou dit op Saul se lewe hê? (3)
2.8.2 Drie van die onderstaande moontlikhede is korrekte simboliese betekenisse vir **die bloubokkie se gal**. Skryf die letter neer van dié een wat NIE KORREK IS NIE.

A Die domheid en kortsigtigheid van die bosmense
B Die dinge waaraan die bosmense glo wat hul vooruitgang belemmer
C Die bosmense se lewens
D Al die leuens en onsinnighede oor die bos en sy mense (1)

2.9 Verwys na reëls 25-27:
2.9.1 Saul en Jozef het baie geskille gehad. Gee jou mening oor die moontlike rede waarom die verhouding tussen hulle heeltemal verbrokkel het. (2)

"Ons moet uitkom uit die Bos, Pa!" sê Saul dringend (reël 28).

2.10

Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR?
Motiveer IN ELKE GEVAL jou antwoord.
Geen punt sal toegeken word as daar nie 'n motivering is nie.

2.10.1 Saul het toe 'n uitkoms uit sy omstandighede gekry, wat ook daartoe gelei het dat hy later 'n ryk man geword het. (2)
2.10.2 Saul kon homself nooit werklik heeltemal van die Bos losmaak nie. (2)
2.10.3 Saul het geglo dat dit nie belangrik is om geld te besit en Engels te kan praat nie. Hy het geglo 'n mens kan daarsonder klaarkom. (2)

2.11 Verwys na reël 32:
2.11.1 Watter brandmerk sou Saul hierna kry? (1)
2.11.2 Waarheen en na wie het Saul direk hierna gegaan? (2)
2.11.3 Hoe het Saul geweet dat hy by hierdie persoon werk sou kry? (1)

2.12 Hierdie verhaal speel af in die boomryke Knysna-omgewing met die tema van natuurbewaring. Tog word daar juis deesdae in hierdie omgewing bome afgekap om breër paaie te bou. Gee jou mening hieroor. (1)

/35/

VRAAG 3: OPSTELVRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – *MARITA VAN DER VYVER*

Familieverhoudings kan as een van die temas in die roman beskou word. Hanna sê ook dat haar ingewikkelde gesin een van die eienskappe is wat haar laat uitstaan.

Skryf 'n OPSTEL van **250 – 300** woorde waarin jy hierdie stellin bespreek.
Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na die volgende:

- Die samestelling van Hanna se ingewikkelde gesin
- Hanna se verhouding met haar pa
- Hoe Hanna aan die einde haar pa aanvaar soos hy is

/35/

VRAAG 4: KONTEKSUELE VRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM –
MARITA VAN DER VYVER

Lees die onderstaande uittreksels sorgvuldig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Maar kom ons keer terug na Fabienne se storie. Van die dag dat Fabienne se lieflingsuster se lekkerste sjokolademousse so onverklaarbaar in modder verander het, is alles nie meer pluis in Fabienne se lewe nie.

Snags in haar slaap keer die verfkwasvrou terug om haar te tart, met haar woeste hare en haar skelbont rokke, serpe, truie. Lemoenoranje en jakandapers en koringblomblou, verbeel jou, kleure waarin Fabienne se ma nooit dóód gesien sou word nie, nie eens een-een nie, en hierdie vrou hang al die kleure gelyk aan haar lyf. En saans aan tafel, terwyl hulle smeltsagte lamsboud met roosmaryn of souserige beestertbredie eet, staar Fabienne afgetrokke na haar gesin se vingers. 10 *Groenvingers, suikervingers, bloedvingers.* Wie gaan eerste uitval?

4.1 Wie is die skrywer van Fabienne se storie in die bostaande uittreksel? (1)

4.2 Na wie verwys die "verfkwasvrou"? (1)

4.3 Noem een van die titels wat Hanna vir die storie oorweeg het. (1)

4.4. Benoem die beeldspraak in die aanhaling "*Groenvingers, suikervingers, bloedvingers".* (1)

4.5 Wie dink jy verteenwoordig groenvingers, suikervingers en bloedvingers onderskeidelik in Fabienne se lewe? Gee elke keer 'n rede vir jou antwoord.

4.5.1 groenvingers
4.5.2 suikervingers
4.5.3 bloedvingers 3x2 (6)

4.6 Kies die regte antwoord:
Die aftelrympie "*Groenvingers, suikervingers, bloedvingers"* ontwikkel later in 'n...
A gedig
B sielkundige riller
C speurverhaal
D liefdesverhaal (1)

4.7 Wie is Fabienne en wat is die funksie van haar karakter in die verhaal? (2)

4.8 Skryf TWEE verskille tussen Hanna en Fabienne se gesinne neer. Doen dit in tabelvorm soos aangedui.

Hanna se gesin	Fabienne se gesin

(2)

1 Ek gaan daardie roman skryf wat ek vir die koningin belowe
2 het. Maar ek gaan nie oor 'n fabelagtige skepsel soos Fabienne
3 skryf nie. Ek het so 'n gevoel ek is vir altyd klaar met Fabienne en
4 haar fantastiese tande. (Ek het ook so 'n gevoel dat juffrou Liebenberg
5 sal vreeslik verlig wees om dit te hoor) Ek gaan 'n storie skryf oor
6 'n gemiddelde vaal meisiekind met 'n onwaarskynlike ma en 'n
7 selfs meer onwaarskynlike pa.
8 Ek sal sorg dat daar vir Margot Jordan ook 'n rol is om te speel.
9 'n Fassinerende moederfiguur. Iets tussen 'n bose heks en 'n
10 goeie fee. En vir my beeldskone vriendin. En ag, nou ja, ek
11 sal seker nie my irriterende stiefbroer uit die storie kan hou nie, né?

12 Hulle sal almal in my boek wees. Hoe het Beyers nou weer
13 vanoggend gesê? *Honde, kinders, grootmense.* Selfs die suster vir

14 wie ek so lank gewag het. Amanzi of Kwakwa of Water of wat
15 haar naam ook al gaan wees.

4.9 Kies die korrekte antwoord.

4.9.1 fabelagtig beteken….

A fantasties

B onwerklik

C sprokiesagtig

D onwaarskynlik (1)

4.9.2 Margot Jordan is …

A 'n bekende Hollywood aktrise
B Hanna se beste vriendin
C Tibo en Yann se ma
D Beyers se gewese vrou (1)

4.9.3 Die "irriterende stiefbroer" in die uitreksel verwys na:
A Yann
B Tibo
C Amos
D Gavin (1)

4.10 Wie is die koningin na wie daar in die eerste reël verwys word? (1)

4.11 Voltooi: Die gemiddelde vaal meisiekind is 4.11.1 _____ en die onwaarskynlike pa is 4.11.2 _____. (2)

4.12 Verduidelik waarom Mana en Beyers die baba 'n naam wil gee wat met water te doen het. (2)

4.13 Is die volgende stellings Waar of Onwaar.Gee 'n rede vir jou antwoord by elk.

4.13.1 Juffrou Liebenberg is 'n karakter in een van Hanna se stories. (2)

4.13.2 Hanna dink sy is beeldskoon. (2)

4.14 Pas die aanhaling in Kolom A by die naam in Kolom B:
Skryf slegs die NOMMER en die LETTER van die antwoord wat jy kies, neer

Kolom A	Kolom B
4.14.1 " As ons praat van mislukte ouers ... wel dan kyk jy na die wêreldkampioen"	Yann
4.14.2 "Ek sal eerder 'n bedorwe brokkie uit Hollywood wees ... as '*n modepop* uit Johannesburg"	Hanna
4.14.3 "Ek hou van 'n kortverhaal wat as 'n "slice of life" aangebied word"	Beyers
4.14.4 "Led Zeppelin ... Oud genoeg vir oumense en wild genoeg vir jongmense"	Gavin
4.14.5 "Jy lyk nie soos die vader van enige iets nie, Gavin."	Margot

(5)

4.15 Hanna verklaar dat sy klaar is met Fabienne en 'n verhaal oor gewone mense gaan skryf. Wat kan ons hieruit aflei met betrekking tot Hanna se karakterontwikkeling? (2)

4.16 Watter belangrike lewensles het jy uit Hanna se "avonture" geleer? (1)

/35/

VRAAG 5: OPSTELVRAAG
MEEULANDERS – *ESTA STEYN*

Geheimhouding en die gevolge daarvan is een van die sentrale temas in die roman.

Skryf 'n OPSTEL van 250 – 300 woorde waarin jy hierdie stelling bespreek met betrekking tot die geheime wat Elsabet se lewe beïnvloed het.
Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou antwoord na die volgende :

- Kinnie se geheim
- Ryna, Jacob en Jannerik se geheim
- Elsabet se geheime verhouding met Fred
- Fred se geheim tydens hulle huwelik
- Elsabet se uiteindelike dood

/35/

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

MEEULANDERS – *ESTA STEYN*

Ons het kontrak geteken sonder pen of papier.

Indien Jacob, Jannerik en Ryna hierdie kontrak sou bespreek het, sou dit moontlik só geklink het. Voltooi die gesprek deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die nommer en die ontbrekende woord/-e neer.

Jacob en Jannerik kom die kombuis binne nadat hulle vir oulaas met die land probeer kontak maak het deur 'n vuur te maak. Ryna staan met Elsabet se baba in haar arms.

Ryna: Jacob, die baba het gesukkel om …6.1… te kry . Ek het mond-tot-mond- asemhaling probeer toepas, maar dit het nie gehelp nie. Die baba is dood!

Jacob: Here, nee! Elsabet sal my nooit vergewe nie! Sy wou nooit hê die baba moet op die eiland grootword nie. Na haar operasie sal sy ook nooit weer …6.2… nie.

Jannerik: Luister, daar huil …6.3… se baba!

Ryna: Miskien moet ons die babas omruil?

Jacob: Ek sal Elsabet se baba gaan …6.4….

Jannerik: Ek sal vir Ousanna sê dat …6.5….

Ryna: Hierdie kontrak verbind my nou vir altyd aan die …6.6….

1 x 6 (6)

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Middag, Mister Hermanus. Ek … moet ook gou hier met Skalla 'n woordjie praat. Besigheid, Mister Hermanus weet."

"Jy's nog by die seegras … en die bamboes?"

"Ja, Mister Hermanus. Die dinge … loop. Hulle loop. Daar's nie foute nie."

"Hoe gaan dit met Attie op die eiland?"

"Nie klagtes nie, Mister Hermanus. Met Jacob ook. Hulle werk goed saam."

Hoe bevoorreg is die ou man tog, dink Hermanus, en stap om die lorrie na die kar toe.

6.7 Oor watter "besigheid" wil Matthys heel moontlik met Skalla praat? (1)

6.8 Vir wie werk Matthys op die oomblik? (1)

6.9 Watter soort werk doen Attie op die eiland? (1)

6.10.1 Hoekom dink Hermanus is Matthys meer bevoorreg as hy? (2)

6.10.2 Waarom kan dit as ironies beskou word? (2)

6.11 *Die verkeerde keuses wat Elsabet haar hele lewe lank gemaak het, het nie juis slegte gevolge vir haar gehad nie.*

6.11.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

6.11.2 Motiveer jou antwoord deur te verwys na die tydperk wat Elsabet op Meeuland gewoon het. (1)

Sigaretrook. Hy ruik dit en gaan staan. Hier is geen mens buite nie. Dis doodstil. Net die veraf geroep van straatkinders op 'n Saterdagaand en die blaf van honde. Wat hoor hy? Weer 'n klinkgeluid?

Hy sluip nuuskierig, tog behoedsaam, nader. Loer deur die smal skreef onder die karton. Die skok kom kloppend in hom orent.

6.12 Waarheen is Donovan op pad? (1)

6.13 Hoekom is dit vir hom so vreemd om sigaretrook te ruik en geluide by die geboutjie te hoor? (1)

6.14 Wie sien hy wat hom so skok? (1)

6.15 Waarom sou hy so geskok wees om die spesifieke persoon daar te sien? (1)

6.16 Die seuns laat weet dadelik vir Jacob dat die persoon daar is. Sê kortliks in nie meer as drie sinne nie, wat gebeur het nadat Jacob daar aangekom het. (3)

6.17 Dink jy Jacob het die reg gehad om so op te tree? Motiveer jou antwoord volledig. (2)

6.18 Fred het vir Jacob se regskoste betaal.

6.18.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

6.18.2 Motiveer jou antwoord met 'n rede uit die verhaal. (1)

Sy byt vasberade op haar onderlip en stut haarself effens regop, terwyl haar toontjie aan Pikkie-Dikkie raak. Nog 'n entjie, nog 'n entjie … stadig maar seker, amper daar. En dan raak haar voetjies aan Pikkie-Dikkie. Sy kyk op en sien hulle almal in die deur staan.
"My voetjies het wakker geword!"

6.19 Watter nuwe soort "terapie" gebruik juffrou Blom hier om Janka te help? (1)
6.20 Dink jy Janka is negatief oor haar toestand? Motiveer. (2)

6.21 Pas die karaktertrekke in KOLOM B by die karakters in KOLOM A. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER van die antwoord wat jy kies, neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.21.1	Attie	A	chauvinisties, arrogant
6.21.2	Skalla	B	onseker, kreatief
6.21.3	Jacob	C	skelm, opstandig
6.21.4	Fred	D	joviaal, entoesiaties
6.21.5	Ryna	E	selfversekerd, vrouejagter

(5)

6.22 Hierdie verhaal word deur verskillende soort vertellers aan die leser oorgedra. Identifiseer die een wat NIE in hierdie verhaal gebruik word NIE en skryf dan dié letter neer.

A die skrywer as ek-verteller
B derdepersoonsverteller
C ek-verteller
D alomteenwoordige verteller (1)

/35/

AFDELING B: DRAMA
BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

POPPIE, DIE DRAMA - *ELSA JOUBERT EN SANDRA KOTZÉ*

Die vernaamste tema in hierdie drama is die wyse waarop die Swartes gedurende die Apartheidsera onderdruk is. Weens die paswetstelsel het swart gesinne en families uitmekaar gedryf.

Skryf 'n OPSTEL van 250 – 300 woorde waarin jy hierdie stelling volledig bespreek. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na die volgende:

- Die invloed wat die paswetstelsel op die swartes gehad het
- Die invloed van geweld op die swart jeug
- Die verlies aan respek vir grootmense by die jeug
- Die gebeure van Kersdag 1976

/35/

OF

VRAAG 8 : KONTEKSTUELE VRAAG

POPPIE, DIE DRAMA - *ELSA JOUBERT EN SANDRA KOTZÉ*

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	POPPIE.	Molo. (*sy gee vir hom hand*.)
2	STONE.	Molo.
3	POPPIE.	(*terwyl hulle begin loop*). Bly jy goed waar jy nou is?
4	STONE.	Hulle is goed vir my.
5	POPPIE.	En hoe gaan dit met Mama en bhuti Plank en bhuti Hoedjie?
6	STONE.	Hulle het eers rondgebly, maar toe het hulle weer ingetrek by
7		ou Makhulu, in ons huis. Sy kyk goed na hulle.
8	POPPIE.	En bhuti Mosie?
9	STONE.	Hy het twee jaar gewag en sy eie huis gekry.
10	POPPIE.	(*met bitterheid*). Dit gaan goed met almal. Almal het huise.
11		En ons dan? Ek wat hier ver by die vreemde mense moet bly.
12		Almal kom klaar sonder my.
13	HOEDJIE.	Maar tata-ka-Bonsile was tevrede met die huis en die mielies
14		wat Poppie geplant het. Die kinders het goed gedoen in die

skool, dis net Bonsile wat nog steeds sy eie pad geloop het,
vir wie Poppie snags wakker gelê het, lê en wag het dat hy
moet inkom.
PLANK. Na twee weke is Stone weer huis toe.

8.1 In watter deel van die land vind Poppie en Stone se gesprek plaas? (1)

8.2 Na hoeveel jaar het Stone weer vir Poppie gesien nadat sy gedwing is om die Kaap te verlaat? (1)

8.3 Poppie noem Stone tata-ka-Bonsile volgens die Xhosa-tradisie. Noem twee gebruike van die Xhosa-tradisie wat duidelik uitgebeeld word in hierdie drama. (2)

1 Op Saterdag het twee manne na ons huis gekom. Hulle sê: Iets het verkeerd gegaan by ons plek en die spoor loop na jou huis toe.(…)

8.4 Aan watter karakter rig Poppie hierdie woorde? (1)

8.5 Identifiseer die **"hulle"** van wie daar gepraat word. (1)

8.6 Sê in een saaklike volsin wat die “twee manne” by Poppie se huis kom maak het. (2)

Veelkeusevrae

- Kies telkens die korrekte antwoord.
- Skryf die letter en die antwoord langs die vraagnommer neer.

8.7 "Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop."
Watter stylfiguur word by bogenoemde aanhaling aangetref.

A metafoor
B personifikasie
C ironie
D vergelyking (1)

8.8 Die korrekte vervoermiddels wat Poppie gebruik het vanaf haar blyplek tot by haar werksplek in Constantia.

A	bus	trein	bus
B	bus	taxi	trein
C	trein	bus	taxi
D	trein	bus	trein

(1)

8.9 Jakkie is die _____ wat teen die regeringswette in opstand kom.

A katalisator
B protagonis
C antagonis
D tritagonis (1)

8.10 Sê of die onderstaande stellings **WAAR** of **ONWAAR** is.
Gee 'n rede vir jou antwoord.

8.10.1 Vukile se dood is deur 'n polisieman veroorsaak. (2)

8.10.2 "Nkosi sikelel' iAfrika" is voor 1994 gesing om die nasie saam te bind en te verenig. (2)

8.11 Stem jy saam met die manier waarop Poppie gedwing is om die Kaap te verlaat en Oos-Kaap toe te trek na 'n plek waar sy nog nooit voorheen was nie? Gee jou eie mening hieroor. (2)

8.12 In die drama word daar 'n breedvoerige uiteensetting van Poppie se voorgeskiedenis gegee. Wat, dink jy, is die skrywer se rede vir die breedvoerige vertelling van haar voorgeskiedenis? (2)

1	POPPIE. (*skrik; lees telegram).* Jou man is siek. Verwag geld. (…)
2	En toe daarna kom 'n telegram van my oudste skoonsuster in 3 Johannesburg. (Lees.) "Waar word Stone begrawe?"(…)

8.13 Waarom het Poppie geskrik toe sy die telegram lees wat sy van haar moeder ontvang het? (2)

8.14 Poppie ontvang onverwags slegte nuus vanaf haar skoonsuster. Kan die optrede van Poppie se skoonsuster geregverdig word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

8.15 Noem TWEE maatskaplike probleme wat Poppie gedurende haar lewensreis ondervind het. (2)

8.16 Lewer kommentaar oor van die Afrikaanse taalgebruik in die hierdie drama. (1)

8.17 Pas die stelling van die karakter in Kolom A by die naam in Kolom B.
Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord uit Kolom B neer.

KOLOM A	KOLOM B
8.17 Pengi het haar neus geërf.	Ouma Hannie
8.18 Poppie het by haar gewoon tot sy nege jaar oud was.	Mosie
8.19 Die 1976- opstande laat hom vra wie hy is en wil graag in Suid-Afrika sy "regte" kry.	Jakkie
8.20 Sy ideaal is om predikant te word.	Vukile
8.21 Word die onskuldige slagoffer van geweld en die Apartheidstelsel.	Grootouma Kappie

(5)

8.22 Poppie sê : "My hart het vir hulle ook doodgegaan."
Wat bedoel sy met hierdie woorde? (1)

Vul die ontbrekende woorde in. Die woorde wat jy invul, moet op die inhoud van die drama gebaseer wees.
Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woord langsaan neer.

Binne die Xhosa-bevolking, is veral die vrouens en kinders aangesê om nie meer in 8.23-_____ te bly nie. Dit is die eerste gedwonge verskuiwing van Poppie.
Mosie sê hy het daar grootgeword en dat hy by die garage werk en by die Union College leer.
Poppie en haar gesin was baie 8.24 _____ Sy vra vrae oor wie 8.25_____ en haar seuntjie se grafte in stand sal hou.
'n Uitgesoekte woongebied naamlik 8.26_____ in die Kaap is aangewys as blyplek vir die Xhosas.

(4)

/35/

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

PALJAS - *CHRIS BARNARD*

Die McDonalds se onaangename ervaring by die jaarlikse Volstruisdans vorm die **finale klimaks** van die verhaal.

Bespreek die gebeure wat hier plaasgevind het in 'n OPSTEL van 250-300 woorde. Jou opstel moet 'n inleiding en slot hê .

Verwys na elk van die onderstaande:

- die gebeure wat daartoe aanleiding gegee het dat die McDonalds deur die gemeenskap verwerp is
- die gebeure by die Volstruisdans
- die versoening met die gemeenskap

/35/

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG
PALJAS - *CHRIS BARNARD*

Lees die onderstaande uittreksels uit die drama *Paljas* en beantwoord die vrae wat op elk gebaseer is:

1. Katrien *(nou self kwaad):* 'n Kar! Watse kar? Noem jy dit 'n kar? (*Die kind is*
2. *besig om met sy drie klippe te goël. Die kar is op die agtergrond. En Hendrik*
3. *regs. Terwyl die struweling vlam vat, klim Katrien links uit en klap haar deur*
4. *toe).* Jy kan nie 'n kar se wieldoppe bekostig nie, Hendrik McDonald!
4. Hendrik: Katrina, oppas wat jy sê…

10.1 Van watter twee dinge beskuldig Katrien vir Hendrik? (2)

10.2 Kies die gepaste woord tussen hakies:

Katrien se woorde is (ironies, sarkasties, humoristies). (1)

10.3 Wat doen Willem terwyl hul motor langs die pad staan? (1)

10.4 Watter uitwerking het die argument tussen sy ouers op Willem? (1)

10.5 Waarom het Katrien-hulle nie gesien toe Willem wegloop nie? (1)

10.6 Willem is reguit na Manuel, die nar, toe. Hoe het Manuel probeer om vir Willem op te beur? (1)

10.7 Hoe het dit, wat Manuel gedoen het, Willem se gemoedstemming verander? (2)

1. ‘n Lang stuk teerpad. Die nar kom op ‘n fiets aangery. Hy het sy sirkuspak
2. aan en sy gesig is gegrimeer. Hy kom verby en ry teen ‘n afdraande af. Voor
3. hom in die laagte lê die dorpie. Die kerk is groot en wit tussen al die dakke.
4. Die maan sit langs die kerktoring.

Veelkeusevrae

- Kies telkens die korrekte antwoord.
- Skryf die letter en die antwoord langs die vraagnommer neer.

10.8 Een van die temas in *Paljas* wat in die gebeure in en na die aanhaling uitgelig word, is

A Die liefdesdriehoektema
B Die liefdesdverhouding tussen Nollie en Emma
C Die vriendskap tussen Willem en Manuel
D Onverdraagsaamheid en vooroordeel (1)

10.9 Die nar was nie _____in die kerk nie:

A skaam
B bang
C stil
D welkom (1)

10.10 Die gebeure in die kerk is ‘n voorbeeld van

A dramatiese ironie
B dramatiese doelstelling
C dramatiese struktuur
D toneelaanwysings (1)

10.11 Manuel, die nar, gaan kerk toe omdat

A Willem gevra het of teken ‘n sonde is
B Hy dink hy doen te veel sonde
C Hy voel ‘n nar behoort kerk toe te gaan
D Hy graag die dominee wou ontmoet (1)

10.12 Die skrywer gebruik _____ om die belangrikheid van die kerk vir die dorpenaars te beklemtoon

A litotes
B ironie
C paradoks
D kontras (1)

Lees die volgende koerantartikel deur en vul dan die ontbrekende woord langs die vraagnommer neer.Die woorde wat jy invul, moet op die inhoud van die drama gebaseer wees.

SIRKUSNAR GESKIET

TOORWATER.- 'n Nar is Sondag hier gewond nadat hy in sy narrepak by die …8.13.… ingesluip het.
Die dominee het blykbaar vir een van die ouderlinge gevra om die grapmaker te verwyder. Die nar het op 'n …8.14… probeer vlug, maar hy is deur 'n aantal mans met gewere agternagesit. Die nar is deur …8.15…. raakgeskiet. Die nar was vermoedelik deel van die …8.16…-sirkus wie se trokke onlangs hier, in plaas van op …8.17…, afgehaak is.

(5)

10.18 Om watter rede assosieer die gemeenskap die McDonalds met die 'verkeerde' dinge wat hulle dink die nar doen? (2)

10.19 Hoe beïnvloed dit wat met die nar gebeur die gesinsverhoudinge in die McDonald-gesin positief? Noem twee dinge. (2)

10.20.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Manuel gaan weg omdat hy deur die dorpsmense geskiet is. (1)

10.20.2 Motiveer jou antwoord deur na die verhaalgebeure te verwys. (1)

Pas die inligting in Kolom A by die naam in Kolom B.
Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord uit Kolom B neer.

	KOLOM A	**KOLOM B**
10.21	grapmaker en kunstenaar	Katrien
10.22	verstandig en verlief	Manuel
10.23	Mooi, jonk en onskuldig	Nollie Kemp
10.24	Aantreklik en eensaam	Willem
10.25	Kunstig en sensitief	Emma

(5)

1. HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald. En ek mág wees. En jy mag Emma wees. En
2. Ma en Willem en almal. Nollie kemp is Nollie Kemp en klaar. Ons is ons met al ons
3. skete en al.

10.26 Waaroor voel Hendrik so 'opgeskroef'? (1)

10.27 "Ek is Hendrik McDonald. En ek mag wees."
Wat bedoel Hendrik met hierdie woorde. (2)

10.28 Hendrik sê aan Manuel:"Jy't hierdie kind se tong weer los geknoop!"
Gee jou eie mening oor hoe hierdie aanhaling by die tema van eensaamheid weens gebrekkige kommunikasie aansluit. (2)

/35/

AFDELING C: KORTVERHALE
STORIEJOERNAAL - *CHRIS BARNARD*

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG

VRAAG 11: OPSTELVRAAG
MUTSUKU: *IZAK DE VRIES*

Die 1997 staking van pensioenuitbetalings in die Limpopo-provinsie het baie slagoffers getref. Een persoon wat nie die honger en onsekerheid langer kon verduur nie, het homself aan die brand gesteek.

In Mutsuku is meneer Ndou ook een van die slagoffers van hierdie gebeurtenis. Bespreek die stelling deur te verwys na :

- Die regering se aandadigheid aan die situasie.
- Die staatsamptenare se houding en die staatsgeriewe wat die situasie vererger het.
- Meneer Ndou se positiewe lewenswaardes hoe en hy en Mutsuku aan die lewe bly.
- Diegene wat hulle ontferm oor meneer Ndou en hoe hulle hom help.
- Diegene wat meneer Ndou se situasie uitbuit en vererger het.
- Meneer Ndou se verslaenheid en gebrokenheid aan die einde.

Jou opstel moet <u>250-300</u> woorde beslaan.

/35/

VRAAG 12 : KONTEKSTUELE VRAAG
STORIEJOERNAAL – *CHRIS BARNARD*

<u>Die engelman – Izak de Vries</u>

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae. Volsinne is nie 'n vereiste nie.

"Ship," hyg die meisie en wys. "Quick.It leaves half past."
Hy loer na sy horlosie en glimlag.
"I'll be quick," sê hy."But there is a speed limit."
"Ry net,bliksem," sê die pragtige meisie hier langs hom.
My pa sou nou weer 'n hele lang storie gehad het oor die afkoms van die mense uit die Bo-Kaap, dink Chris. Dis vreemd hoe pa-hulle steeds in hokkies dink. Vir my is die vroumens pragtig en ek sou die hele aand na haar sit en luister. Afrikaans praat, en luister hoe mooi sy praat.
"Sê nou hy verstaan jou?" vra die blondine wat vasgedruk sit tussen die twee mans.
"Dan moet hy juistemint ry,"
Chris ry. Hulle sal dit net-net maak. Op die reguit pad druk hy die naald tot sestig myl – hopeloos te vinnig, maar die mooi meisie langs hom lyk baie benoud. Sy draai na hom toe en sê: "Ek wens hy kon verstaan. Ek hou van mans wat luister."
Sy dra 'n goue kruisie, Pa.
"Sien jy, die klein engelmannetjie verstaan nie 'n woord van onse taal nie."
Onse taal, dink Chris. Moet ek? Sy is baie mooi.
"Jy bedoel Engelsmannetjie?" vra een van die mans.

12.1. Chris bevind homself in Dover. Hy wou baie graag daar wees**.**

12.1.1 Waarom wou hy bitter graag in Dover wees? (1)
12.1.2 Waarom het hy amper van sy planne afgesien? (1)

12.2 Daar is twee redes waarom Chris die dag as " 'n grys dag" ervaar.
12.2.1 Gee die rede wat die letterlike (denotatiewe) betekenis van **grys** weergee. (1)
12.2.2 Gee die rede wat die figuurlike (konnotatiewe) betekenis van grys is. (1)

12.3 Chris het nooit kon dink dat hy so 'n ontstellende brief van Natalie sou kry nie.

12.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
12.3.2 Gee 'n rede vir jou antwoord by 12.3.1 (1)

12.4 Chris se baas in Dover het hom sy "English driver" gedoop.

12.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
12.4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord by 12.4.1. (1)

12.5 Silina verseker haar vriend sy bedoel Engelmannetjie en nie Engelsmannetjie nie. Gee die TWEE redes waarom Chris vir Silina haar **Engelmannetjie** word. (2)

12.6 Chris se pa kom onwillekeurig in sy gedagtes. Gee EEN karaktereienskap van sy pa wat sterk navore kom. Motiveer jou antwoord. (2)

"Ou suurknol," het baie hom genoem.
Natalie het verstaan. Natalie het daardie ver kyk in haar oë gehad toe sy *Posession* toegemaak het.

12.7 Wie het Chris beskou as 'n "suurknol"? (1)
12.8 Gee 'n rede waarom hulle (by 12.7) hom as 'n suurknol beskou het. (1)
12.9 Watter twee belangstellings het Chris met Natalie gedeel? (2)
12.10 Chris het besluit om self vir die eerste twee jaar van sy studies betaal. In watter rigting wou hy studeer? (1)

Sy lees Eco.
Sy is oor drie dae in Londen. Vir twee hele dae, die Amerikaners het gevra wat 'n mens twee dae lank in Londen kan doen.
Hy sal afkry. Dis bloot vir vra.
Hy klim in die motor en kyk na die boek. Hy kan maklik nog een koop.
En vir die tweede keer in sy lewe doen hy iets heeltemal reg. Hy weet dis reg. Hy gryp die pen en skryf:

12.11 Wat, dink jy, was die eerste keer wat Chris, volgens sy eie oordeel, iets reg gedoen het. (1)
12.12 Wat doen Chris hierdie keer wat vir hom die regte ding was om te doen? (1)
12.13 Wat het Chris oortuig dat dat hy hierdie keer die regte ding doen? (1)
12.14 Die aand in die kroeg twyfel hy tog oor sy optrede. Het sy plan van vroeër die dag gewerk? (Antwoord: Ja of nee). (1)
12.15 Gee 'n rede vir jou antwoord by 12.14 (1)

Veelkeusevrae

- Kies telkens die korrekte antwoord.
- Skryf die letter en die antwoord langs die vraagnommer neer.

12.16 Die **verteller** in die kortverhaal is 'n...

- ek-verteller
- alomteenwoordige verteller
- die skrywer as e-verteller
- 'n fokalisator (1)

12.17 Die **verteltyd** van die kortverhaal strek oor ...

- drie dae
- drie maande
- een jaar
- een dag (1)

12.18 Die skrywer van die boek, ***Possession***, is...

- John Fowles
- A.S. Byatt
- Charles Darwin
- Umberto Eco (1)

12.19. Chris sê dat 'n mens Umberto Eco se boek stadig moet lees omdat...

- dit 'n komplekse literêre werk is
- die boek in Italiaans geskryf is
- net ontwikkelde lesers die boek vinnig kan lees
- hy Afrikaanssprekend is (1)

Terwyl Chris na werk in die kroeg sit , skryf hy die volgende brief aan Natalie. Vul in die ontbrekende woorde om die brief te voltooi. Die inhoud moet op die kortverhaal gebaseer wees.

Hoofweg 19
Dover
3456
Engeland
9 Junie 2007

Liewe Natalie

Alhoewel ek hartseer was oor jou brief , verstaan ek. Ek is bly dat jy iemand by die Universiteit van (12.20) ontmoet het. Jy is 'n baie mooi meisie en benodig iemand om daar vir jou te wees .

My dag het maar swaar begin. Ek het veral na jou verlang as ek meisies (12.21) hoor praat het en het jou stywe drukkies geweldig gemis.

Ek het 'n meisie vandag,van alle dae,ontmoet. Haar naam is (12.22) en sy is afkomstig van die (12.23) in Suid-Afrika. Sy en haar drie maats was laat vir hul skip na Londen en het in my taxi gespring. Ek moes hulle jaag na hul bestemming. Soe! Maar dit was 'n gedoente.Hulle sal oor drie dae in Londen wees.

Sy het vir my sommer as haar (12.24) gedoop. Sy is pragtig , intellektueel en lees ook graag die boeke van (12.25). Kan jy dit glo? Ek het vandag iets heeltemal buite my karakter gedoen. Ek het my (12.26) in my boek geskryf en aan die wildvreemde meisie gegee.

Sy het my 'n SMS teruggestuur en ons gaan mekaar in Londen ontmoet en beter leer ken.

Ek wou net aan jou skryf sodat jy nie sleg moet voel nie. Ek wens jou alles van die beste toe. Ek sal altyd jou vriend wees.

Liefde
Chris

(7)

12.27 Lewer kommentaar oor die moontlikheid van 'n verhouding tussen Chris en Silina. Dink jy so 'n verhouding het 'n kans in Suid-Afrika? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

/35/

AFDELING D: GEDIGTE
VERSJOERNAAL: *LUCAS MALAN e.a.*

Beantwood ENIGE TWEE vrae oor die voorgeskrewe gedigte hieronder.
Volg die instruksies by elke vraag wat jy kies.

VRAAG 13

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Vrou langs die pad - Louis Esterhuizen

Jou lyf lê bruin soos kardoes
langs die tref-en-trap van die pad
en grassaad poeier tot stof
hier waar jy slaap
jou laaste slaap
Jou rok rafel nog om jou bene
asof jy steeds aanstryk na die halte
maar langs jou jaag ‘n bloedstroom weg
tussen klip
en teer, lê jou hand onbekend en vaal
langs die flenters van jou sak
Jou kinders by Vlottenburg se krothuisies
sal wag vir jou,
hul stemme sal tussen die speel deur soek
na die smal pad wat dorp toe krul
daar waar jy kos en klere wou gaan kry
Op jou tuiskoms sal hulle wag, op die krom
aansukkel met pakkies onder die arm
die veraf roep, die naderstorm, uitbundig
die neergooi, die arms, die jubel
van jou terugkeer
Die tweevertrekhuisie se skewe deur
sal jou roep en jou man sal geduldig sy pyp
weer stop: Uur na uur oor die vallei heen
tuur
na waar die laatmiddagson die bergrant
kleur. En spoedig sal die son weer vuurmaak
oor die bulte, die sap rooi
in die druifkorrels in
suig, weldra sal die plaaswerkers
die trosse onder blare uit na vore bring
en jou kinders
sal ‘n ander speletjie speel
hul stemme sal klink die strate deur
die sagte môre teen

36 en almal sal weer lag en lewe
37 al is jy heen, hier waar jy lê langs die pad
38 bruin soos ‘n kardoes met jou handsak
39 aan flarde, wyd verstrooi deur son en reën.
40 En jy?

41 Hier waar jy lê, sal hulle ‘n houtkruis plant,
42 sal grassaad soms nog buig, sal skape wei.

Uit: Liefland, 2004

VRAE:

13.1 Voltooi die volgende stelling: Hierdie gedig wat handel oor die dood van ’n geliefde, word ‘n _____ genoem.

A sonnet
B ballade
C elegie
D sprokie (1)

13.2 VOLTOOI: Die vrou is dood in ‘n _____ –ongeluk. (½)

13.3 Haal ’n versreël uit die gedig aan wat op ’n beeldende wyse vir ons aandui wat “tref en trap” in reël 2 beteken. (1)

13.4 Watter beeldspraak kom in versreël 8 voor? (1)

12 jou kinders by Vlottenberg se krothuisies
13 sal wag vir jou,
14 hul stemme sal tussen die speel deur soek

13.5 Watter woord uit die aanhaling dui aan dat die vrou ’n armoedige bestaan gevoer het? (1)

13.6 Identifiseer die teenstellende dinge wat die kinders in versreël 14 doen. (2)

13.7 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en skryf TWEE woorde uit die gedig neer om jou antwoord te staaf.

Terwyl die spreker na die vrou se lyk kyk, stel hy hom voor hoe gelukkig haar kinders sou wees om haar te sien en dat hulle haar opgewonde tegemoet sou hardloop. (3)

13.8 Watter soort werk het die vrou en haar man volgens versreëls 30 tot 31 waarskynlik gedoen? (2)

Kies die gepaste antwoord uit kolom B wat by woorde in Kolom A pas.
Skryf die nommers 13.9 tot 13.12 onder mekaar neer en die gepaste antwoord uit Kolom B langsaan.

	KOLOM A	KOLOM B
13.9	(Jou) rok rafel	eufemisme
13.10	Jou laaste slaap	vrye vers
13.11	Die lengte van elke versreël van die gedig verskil	busstop
13.12	halte	alliterasie

(4)

13.13 Watter moderne gebruik van stedelinge word in die slot van die gedig beskryf? (2)

/17½/

VRAAG 14

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Melkkantien - Elisabeth Eybers

Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou,
verweer en afgewater, kneukels rooi,
soos die tamatiesap waarom hul klou?
Tussen die kelnerinne, opgetooi,
met jong gesigte, almal leeg en hard,
wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
in haar verrimpelde gelaat die smart
van anders en alleen wees saamgeskroef?

Vir sóveel powerheid is daar geen troos:
ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
na ’n apteker, dalk kan sy my help?
Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
van vriendelikheid, beduie tandeloos:
Jy meen ’n kemmis? Ja, net om die hoek.

Uit: *Die helder halfjaar*, 1956

14.1 Voltooi: Hierdie gedig is ’n Italiaanse sonnet en bestaan uit ‘n 14.1.1_____ waarin die situasie of ruimte beskryf word, en ‘n 14.1.2_____ In hierdie gedeelte vind ons die 14.1.3_____. (3)

14.2 Gee ’n ander woord vir die Nederlandse “kantien”. (1)

14.3 Skryf enige twee begrippe uit die eerste 8 reëls neer wat 'n direkte kontras aandui tussen die "sy" wat deur die spreker opgemerk word en die ander kelnerinne. (2)

14.4 Haal 'n vergelyking uit die gedig aan. (1)

14.5 Wat, volgens die spreker, is die oorsaak van die kelnerin se smart? (2)

14.6 Lewer kommentaar oor die "jong gesigte" (reël 5) wat almal "leeg en hard" is. Gee jou eie mening oor waarom hulle gesigte so vertoon. (2)

14.7 Die volgende woorde bied 'n verklaring vir "powerheid" (reël 8). Skryf die een wat NIE PAS NIE, neer.

A armoedigheid
B kragtig
C swakheid
D wat nie veel oplewer nie (1)

14.8 Gee in jou eie woorde 'n beskrywing van die "melkkantien" waar hierdie vrou werk wat aandui hoekom sy nie daar pas nie. (2)

14.9 Wat ons kan aflei van die vrou se agtergrond, uit die woord "kemmis" soos sy dit gebruik? (2)

14.10 Om watter rede, dink jy, praat die spreker van die gedig met haar? (1)

14.11 Voltooi deur die korrekte antwoord te kies:
Die rymskema in die gedig is:

A paarrym
B omarmde rym
C vrye vers
D kruisrym (½)

/17½/

VRAAG 15

Lees die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Talle tonge - Matthews Phosa

Talle tonge het ek
een op 'n gegewe oomblik

'n heuningtong
'n bitter tong
'n tong stomp
genoeg om te swyg

my skerp tong klap
klap soos 'n sweep
en keep diep en laat bloei

my suur tong brand
brand soos asyn
en laat krimp inmekaar en skend

Talle tonge het ek
een tong op 'n gegewe oomblik
'n tong om te sny
'n tong om te salf
Ek het talle tonge

Uit: *Deur die oog van 'n naald*, 1996

Pas die tipiese tienerwoorde in kolom A by die soort tong in kolom B. Skryf die nommers 15.1 – 15.6 neer en die gepaste antwoord uit Kolom B langsaan.

	KOLOM A	**KOLOM B**
15.1	Julle motor kan nuut wees, maar ons s'n is steeds beter.	'n heuningtong
15.2	Jy sal altyd my beste vriendin wees, niks sal ooit tussen ons kom nie.	'n bitter tong
15.3	Ek sal jou nooit vergewe nie ! Ek wil jou ook nooit weer sien nie!	'n stomp tong
15.4	Jy is die mooiste meisie in die hele skool!	'n skerp tong
15.5	Ek sê liewer niks.	'n suur tong
15.6	Moenie my so pla nie, ek het nie lus om na jou vervelige stories te luister nie!	'n salwende tong

(6)

15.7 Is dit die denotatiewe of konnotatiewe gebruik van die tong wat in die gedig voorkom? (1)

15.8 Verduidelik in jou eie woorde wat bedoel word met "een tong op 'n gegewe oomblik". (2)

15.9 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 1 aan. (1)

15.10.1 Waarmee vergelyk die spreker die skerp tong ? (1)
15.10.2 Verduidelik waarom hierdie vergelyking getref word. (2)

15.11 Skryf 'n woord uit strofe 4 neer wat impliseer dat 'n suur tong ook permanente skade kan veroorsaak. (1)

15.12 Verduidelik waarom versreëls 1 en 2 in die gedig herhaal word. (2)

Watter stelling voltooi die volgende sinne korrek?
Skryf net die vraagnommer en letter neer.

15.13 Die spreker in Talle tonge wil vir ons sê dat mense .....
A nie weet hoe om met ander mense te kommunikeer nie
B op verskillende maniere met ander mense kommunikeer
C op 'n onbeskaafde manier met ander mense kommunikeer
D nie op 'n mooi manier met ander mense kan kommunikeer nie. (1)

15.14 Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n _____

A sonnet
B vrye vers
C kwatryn
D tersine (½)

/17½/

VRAAG 16

Lees die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

My siel, Pa - Marie van Rensburg

Hoeveel ekstra vakke, Pa?
Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
Die prestasies, Pa, al is dit top,
galgtou oor my kop.
En my siel, Pa...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
rekords moet ek nog behaal?
hoeveel keer op die rostrum, Pa,
met 'n Achilleshiel wat pla?
Maar my siel, Pa...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
Pa se Cravenweek is geëwenaar.
Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan spring
om Pa eer te bring?
Maar my siel, Pa...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, is Pa nooit tevrede met die ewebeeld,
wat oor my vou soos 'n donker kleed?
Pa is mos my proto,
ek maar net Pa se foto!
Maar my siel, Pa...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Uit: *Losvoor*, 1996

16.1 Voltooi: Die spreker in die gedig is 'n _____ (1)

16.2 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord deur EEN woord uit strofe 1 neer te skryf.

Al presteer die seun ook hoe, hy dink nie sy pa is ooit gelukkig met sy prestasies nie. (2)

Skryf 'n korrekte woordverklaring uit Kolom B neer wat pas by die woord in Kolom A. Skryf jou antwoorde by die korrekte nommers.

KOLOM A	KOLOM B
16.3 Dux-leerling	Die eerste lid van...
16.4 Achilleshiel	'n gelyke prestasie behaal
16.5 proto	Swakplek, waar jy kwesbaar is
16.6 geëwenaar	Akademiese prestasie

(4)

16.7 Waarom word die versreël " En my siel, Pa..." in elke strofe herhaal? (2)

16.8 Wat wil die seun hê as hy 'n "klein-klein stukkie" van sy "siel" terugvra? (1)

16.9 Watter EEN van die volgende antwoorde pas nie by die stelling nie?

Die seun presteer op verskeie gebiede baie goed. Hy presteer ...

A akademies
B in atletiek en ander sportsoorte
C as dramaturg
D as redenaar (½)

Voltooi die e-pos wat die spreker vir sy pa geskryf het. Skryf die vraagnommers 16.10 tot 16.14 onder mekaar neer en die gepaste antwoord langsaan.
Die antwoorde moet uit die gedig kom.

Liewe Pa

Ek weet regtig nie hoe ek Pa 16.10_____ moet stel nie. Dit voel nie of Pa Ooit gelukkig met my 16.11_____ is nie. Ek neem reeds ekstra vakke Omdat ek dink Pa wil hê ek moet die 16.12_____van die skool wees. Wat 16.13_____ betref, speel ek reeds vir die S.A. Skolespan en het ek Reeds Pa se Cravenweekprestasies 16.14_____. Dus wil ek Pa 'n Stukkie van my siel terugvra.

(5)

16.14 Wat, dink jy, is die tema van hierdie gedig? Skryf dit in jou eie woorde neer. (2)

/17½/

GROOTTOTAAL:35 + 35 70